



GEBEDSTEMA – 25 Julie 2021

Sleutelteks: Efesiërs 3:14-21 **Ander tekste:** 2 Samuel 11:1-15; Psalm 14; Johannes 6:1-21

Paulus se gebed aan die gemeentes (Baie meen dat die brief aan Efesiërs 'n tipe omsendbrief was wat na meer gemeentes as net Efese gestuur is) Hierdie brief en spesifiek hierdie gebed gaan ons vandag in hierdie tyd waarin ons lewe vorentoe neem en ons help om ons land te herbou en te stabiliseer. Kom ons bid dit: "Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader, ¹⁵van wie elke geslag in die hemel en op aarde sy naam ontvang. ¹⁶Ek bid dat Hy vir julle na die rykdom van sy heerlikheid dít sal skenk: om deur sy Gees met krag na die innerlike mens versterk te word, ¹⁷sodat Christus deur die geloof in julle harte mag woon, terwyl julle in die liefde gewortel en gegrond is, ¹⁸sodat julle volledig in staat mag wees om saam met al die heiliges tot die besef te kom van die breedte en die lengte en die hoogte en die diepte, ¹⁹ja, om die liefde van Christus te leer ken, wat alle begrip te bowe gaan, sodat julle gevul mag word met al die volheid van God.

Volgende Sondag – 1 Augustus 2021 - Tiende Sondag in Koninkrykstyding.

Sleutelteks: Efesiërs 4:1-16 **Ander tekste:** 2 Samuel 11:26-12:13a; Psalm 51:1-12; Johannes 6:24-35

Gebed:

Aan U, wat deur u krag wat in ons werk, die mag het om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, ²¹aan U kom toe die heerlikheid in die kerk en in Christus Jesus, deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig. Amen. (Efes. 3:20-21)

GEBEDSAKE

Gemeenteaktiwiteite: Die effek van die Covid pandemie op ons gemeente, lidmate en leraars; Soos Johan Sondag gesê het dit is moeilik om die lief te vier as die leed so oorweldigend is. Ons bid vir lidmate wat Covid positief getoets het en hou ons asem op vir elke hospitalisasie, krimp in een oor elke afsterwe, jubel oor elkeen wat ontslaan word, vind troos daarin dat of ons lewe en of ons sterwe is God ons tuiste; Lidmate se geestelike stand en alternatiewe uitreik en versorging in hierdie tyd; Ons leraars en lidmate om volhardend hulle roeping uit te leef. "Kinders van die Koning" (Frans Kersop): Ons een Graad R onderwyseres het n pos by n ander skool aanvaar met geen vooraf kennisgewing nie. Bid asb vir n geskikte plaasvervanger.

Gemeenteleiers en personeel: Wynand du plessis en die kommunikasie bediening

Kerksake: "Hoe om met liefde te stik"; "Deur die oë van 'n kind" - hoe help en leer ons ons kinders oor God en hoe om te lewe in die tyd; Talle kwessies is huidiglik deur die gebeure in ons land blootgelê - Wysheid en drif vir die kerk om sy roeping te vervul; Die Sinode van Natal vir die aanwending en strategie in die opbou van provinsie; Karaktervorming; Oproep tot gebed om verootmoediging en leiding van God te soek; - Lees verder die Kerkbode. Jy kan dit op jou selfoon aflaai.

Gemeenskap, land- en wêreldsake: Omkeerbare skade en verliese wat in ons land gely is; Taxi geweld en onderhandelings; Daar word Sondag 25ste verdere aankondigings deur die president gemaak; Wekoproep om oor ons gemeenskappe se nood te besin; Deurdenkte en berekende optrede en samewerking van inwoners wat geraak word in geteisterde gebiede; Identifisering van persone, organisasies en strategië agter die chaos in ons land; Kragdadige optrede van beskermdienste en leiers; Zondo-kommissie en hul werksaamhede; (Netwerk 24 nuus en RSG)

Seisoen van Skepping: (Dewald Hoffmann) Here, ons sien hoe Jakarandas vroeg blom in Gauteng; ons lees van vloede in Duitsland; terwyl dele van ons land al vir jare aan droogte ly. Help ons om te sien dat selfs ons nietige mens bydra tot die Aarde se ongemak. Amen

Dankbaarheid: God by magte is om baie meer te doen as wat ons bid of vra; Om 'n begrip van God se liefde te mag ervaar; Om God te kan hoor ten alle tye en saam met Hom te woon in die huis wat Hy bou; Dat daar in die ergste donkerte ook altyd die goeie na vore kom; Lewende hoop!; Om God se geliefde te wees;

- Luister en deel sessies: Geen tydens Vlak4 van inperkings – tot verdere kennisgewing.
- Deel jou nadenke oor betrokke gedeeltes op Whatsapp
- Kontak my as jy 'n gebedsgroepie wil lei.

As jy gebedsondersteuning nodig het - ons is daar vir jou! Stuur jou gebede en versoeke. Kontak Erik Brits by 082 883 2520